

# PAASTYD 2020



## Goeie Herdersondag (Vierde Sondag van Paastyd)

Teks: 1 Petrus 2: 19-25

Ons bevind ons onself tans in die seisoen van Pase, dié tyd in die kerkjaar waar ons nadink oor wat die afgelope Paasgebeure beteken, vir die wêreld en ook vir elkeen van ons in ons daaglikse bestaan. Dit is ook die vraag waarmee die gemeenskap aan wie Petrus hierdie brief geskryf het, geworstel het.

### Die eerste lesers van 1 Petrus

Die groep mense wat hierdie omsendbrief sou ontvang, was nuwe gelowiges wat verspreid was in die noordelike streke van Klein Asië, in Romeinse provinsies soos Pontus, Galasië en Kappadosië – plekke wat vandag deel uitmaak van Turkye. Vir die Romeinse burgers was hulle uitlanders; vreemdelinge – vreemd van afkoms, maar ook vreemd as gevolg van hulle nuwe geloof in Christus wat hulle van die res van die samelewing onderskei het.

Vanuit die woorde van Petrus wat ons vandag saamgelees het, kan ons onmiddellik aflei dat die lesers swaargekry het en dit is midde-in hierdie omstandighede waar hulle vrae oor die betekenis van Jesus se dood en opstanding vir hulle gewone lewe opper.

### Die Paasgebeure

Petrus skryf dan aan hulle in hierdie situasie en wat hy dan doen is om hulle eerstens terug te neem na Goeie Vrydag en Opstandingsondag. Hy herinner hulle aan wat daar gebeur het: aan Christus wat inderdaad gely het en gesterf het en

opgestaan het, en deur dit te doen, bevestig hy dat dít die middelpunt van hulle, en ook van ons, geloof is. Dit is die anker; die spilpunt waarom alles draai.

### Om Christus te volg

Hy laat dit egter nie net daar nie. Hy skryf dat hierdie gebeure gelowiges se lewens moet rig; dat Christus wat gekruisig is en gesterf het, nie net vir ons verlossing bring nie, maar ook 'n uitnodiging aan ons rig om in sy voetspore te volg.

Petrus skryf oor die navolging van Christus – iets wat Thomas á Kempis later die *Imitatio Christi* sal noem. Die lewe van Christus wat van sy lyding na die opstanding en later na die hemelse verheerliking gelei het, is die pad wat gelowiges ook gevra word om stap. Dit is immers wat dissipelskap beteken – om vir Christus te volg. Wanneer Petrus hierdie skryf, eggo hy die woorde wat Jesus ook self aan hom gesê het: “Volg my!”.

Met die woorde aan die gelowiges sê Petrus vir hulle om soos Jesus, die wil van God te doen. Dié wil wat Petrus deurgaans in die brief met 'n enkele Griekse woord beskryf wat beteken: “om goed te doen.”

Hy waarsku egter dat om die wil van God te doen, dikwels vyandigheid, lyding en swaarkry tot gevolg kan hê. Hy waarsku dat ons in 'n wêreld leef waar ongeregtigheid geskied; in 'n wêreld waar die goed dikwels met die kwaad teengestaan en beveg word; 'n wêreld wat

steeds onder sonde en swaarkry gebuk gaan.

### **Die Goeie Herder**

In hierdie omstandighede sê Petrus dat ons kan weet, dat selfs al sou ons onregverdig behandel word, selfs al sou dit wat ons doen lei tot lyding, God se genade ook vir ons daarin genoeg sal wees. Dat God vir ons sal sorg en by ons sal wees, dat Sy genade elke dag vir ons nuut is en dat ons ons oë gevestig moet hou op Christus, die Goeie Herder, die Een wat ons lei, na ons omsien... die Een wat vooruit stap.

### **Goeie Herdersondag en Roepingsondag**

Dit is noemenswaardig dat vandag, die vierde Sondag in Pase, nie net as Goeie Herdersondag bekend staan nie, maar ook as Roepingsondag gevier word. Dit is immers wat die Goeie Herder doen: Hy roep ons om getrou in sy voetspore volg, waar ook al ek en jy onself bevind. Op Roepingsondag word gelowiges in kerke regoor die wêreld uitgenooi om vir God te vra waartoe hy hulle roep.

Ons is almal dit eens dat wanneer ons uittree uit die grendeltyd, die wêreld nie meer dieselfde as voorheen sal wees nie. Dit is dan juis nou, in 'n tyd soos hierdie, waar ek en jy opnuut die vraag kan afvra: "Waartoe roep God vir my en jou, in hierdie nuwe wêreld?" "Hoe kan jy, waar jy jousef ook al bevind in hierdie onsekere tye, God se wil doen?"

En ons kan aan God hierdie vra sonder om angstig te raak oor wat die toekoms vir ons inhou, want Hy, die Goeie Herder en ons Bewaker, is by ons. Hy hou altyd oor ons wag en selfs ons lyding is nie buite sy wakende oog nie. Dit beteken nie dat ons swaarkry en lyding verdwyn nie – 1 Petrus is duidelik daaroor dat lyding deel van die gelowige se lewe is, maar dit beteken dat

ons altyd onder die Here se sorg is. 'n Versorging wat selfs verder strek as hierdie lewe na die ewige lewe saam met God. 'n Versorging wat selfs verder strek as die tydelike lyding hier na die verheerliking saam met God.

Die Goeie Herder wat ons roep en ons stuur, stap saam met ons en ons kan altyd weet dat Hy in tye van nood, naby is; dat Hy in tye van hartseer, ons sal vertroos. Hy het sy lewe vir ons neergelê en deur sy liefde en genade word ons in staat gestel om te doen wat Hy van ons vra.

### **'n Paar vrae vir nadenke:**

- Wat tref jou as jy hierdie teksgedeelte lees?
- Wat beteken die beeld van Jesus as Goeie Herder vir jou?
- Waartoe roep God jou in hierdie tyd?
- Dink aan 'n paar praktiese maniere waarop jy vir Christus in hierdie uitdagende tye kan navolg.

